

ST. FIDELIS VAN SIGMARINGEN

24 APRIL

(1577-1622)

Hierdie slagoffer van die verskriklike godsdienstige oorloë tussen die Katolieke en Protestante is in Pruise gebore en het homself as prokureur bekwaam. Aanvanklik verdien hy sy brood as leermeester vir die kinders van aristokrate regoor Europa; later raak hy bekend as die 'prokureur van die armes' omdat hy sy dienste gratis aan behoeftige mense beskikbaar gestel het. In 1612 sluit hy aan by die Kapusyne en word hy priester gewy. Hy word na Switserland gestuur waar die swak geloofsopvoeding van baie Katolieke hulle kwesbaar gemaak het vir Protestantse propaganda. Sy preke raak baie mense se harte aan maar daar word gerugte oor hom versprei dat hy eintlik 'n spioen vir die gehate Oostenrykers was. Hy word deur 'n dosyn manne aangeval en vermoor. Met sy laaste woorde het hy sy moordenaars vergewe.

